

Suid-Afrikaners word gedwing om kos te eet wat deur miljoene wêreldwyd, verwerp word

Suid-Afrika is die enigste Afrika-land wat geneties gewysigde (GG) mielies kweek en die enigste land in die wêreld wat toelaat dat hul mense 'n GG stapelvoedsel eet.

GG-vry meliemeel is nie in Suid-Afrika verkrygbaar nie, aangesien al die mielies wat hier geplant word, GG is of besmet is.

Intussen weier miljoene mense dwarsoor die wêreld – insluitend in ander dele van Afrika – om GG voedsel te eet. Minstens 6 Europese lande het die aanplant van GG mielies, verbied*.

Suid-Afrikaners het geen keuse nie – Geneties gewysigde organismes het ons stapelvoedsel besmet

Toetse wat namens die African Centre for Biosafety (ACB) deur 'n onafhanklike laboratorium op bykans al die meliemeel handelsmerke wat hier verkrygbaar is gedoen is, het getoon dat die produkte baie hoë konsentrasies van GG mielies bevat.

Die Verbruikerswet vereis dat voedselprodusente GG voedsel duidelik moet etiketteer sodat verbruikers die korrekte inligting het en 'n keuse kan maak. Dit gebeur egter nie.

Etikette sal in elk geval nie aan Suid-Afrikaners 'n keuse bied nie, aangesien GG mielies die enigste is wat in die mark beskikbaar is.

Dit is voedsel-fasisme! GG-vrye meliemeel moet beskikbaar wees om aan ons demokratiese reg om te kies


wat ons eet, uitvoering te gee.

GENETIES GEWYSIGDE PAP: **GEEN KEUSE** VIR SUID-AFRIKANERS

Suid-Afrikaanse mielies is GG versadig

Die meeste Suid-Afrikaners eet nie alleen GG mielies sonder hulle wete of instemming nie, maar het inderwaarheid geen keuse of alternatief nie.

– Mariam Mayet, Direkteur: African Centre for Biosafety



Produkte getoets deur die African Centre for Biosafety



www.acbio.org.za
Tel +27 (0)11 486 1156

Ons is geregtig op veilige kos!

* Monsanto se mielies, MON810